



Die Heilige Gees en die Wedergeboorte

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B325b

Skriflesing uit Joh. 15:15-27

Kernvers: 26,27 – ‘Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.’ vers 27: ‘En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is.’

Geliefdes, net soos Jesus onder ons kom woon het, om van die Vader te getuig – en hoé het Hy nie net getuig nie?! Die kreupeles het geloop, die blindes het gesien en selfs die dooies het opgestaan. Hy bedoel dat ons ook so moet lewe in die krag van die Heilige Gees.

En toe dit tyd vir Jesus tyd geword het om weg te gaan, toe sê Hy vir hulle dat Hy hulle nie as weeskinders sou agterlaat nie, maar die Heilige Gees sou stuur en gesê dat die werke wat Hy gedoen het, ons ook sou doen.

Die Handeling van die Apostels word juis so genoem want dit was wat hulle gedoen het alhoewel dit maar net sommige daarvan was wat opgeskryf is. Hulle het dit deur die krag van die Heilige Gees gedoen.

God het gesê dat Hy nie Sy Gees van die aarde sou onttrek nie tot en met die Wederkoms van Christus...daarom geliefdes, is ons nog in die dispensasie van die werking van die Heilige Gees.

Dit is die las van my hart dat ons weer op daardie plek mag kom waar ons aan die voorwaardes sal voldoen en vir die Gees van God weer sal plek maak en dat die Heilige Gees weer in ons midde sal beweeg en op ‘n tasbare wyse sal demonstreer dat Hy met ons is.

Dit verg ‘n absolute oorgawe aan die Heilige Gees... Is u lewe oorgegee aan Hom?